

#VoortrekkersKAN LEKKER SING!
100 Gewilde Afrikaanse kultuur- en Voortrekkerliedjies

VOORWOORD

INHOUDSOPGAWE

KULTUUR

Voortrekker trots

1. Hou Koerslied
2. Sporelied
3. Op my eer beloof ek
4. Jul bou met meer as staal of steen
5. Penkop is die Boerenaam
6. Vir Drawwertjies
7. Verkennertyd is uitspringtyd
8. Staatmakerliefde
9. Trekkermaat
10. Die wekroep
11. Fakkels en wiele
12. Brand fakkel, brand
13. Ons bou vir die toekoms

Afrikaner-kultuurliedere

14. Die Stem
15. Vlaglied
16. Vrystaatse Volkslied
17. Transvaalse Volkslied
18. De Vlaamse Leeu
19. Das Südwesterlied
20. Dierbaar Suid-Afrika
21. Die Lied van Jong Suid-Afrika
22. O, boereplaas
23. Afrikaners, Landgenote
24. Uit die chaos van die eeue
25. Voortrekkers, stoere voorgeslag
26. Ken jy die land?
27. Die Hoogland is ons woning
28. As die oproep kom vir diens
29. Nimmer gaan 'n nasie onder

30. Die land is jou land
31. Land in die Suide
32. De Wet
33. Land van ons vaders

Voorinnie Afrikaanse koor!

34. Aan die einde van die reënboog
35. Ai, meisie meisie
36. Dankie
37. Dis 'n land
38. Duitsweswals
39. Huisie by die see
40. Ek verlang na jou
41. Kinders van die wind
42. Lied van die Boland
43. Hier's my hand
44. Mooi is die lewe nou
45. 'n Bietjie meer tyd
46. Sarie Marais
47. Bobbejaan klim die berg
48. So ry die trein
49. Hoe ry die boere?
50. Sprokie vir 'n stadskind
51. Dis 'n wals
52. In ons kontrei
53. Kattebasaar
54. Oi, oi, oi, dis 'n rietdakhuis
55. Tokkel jou kitaar
56. Vat jou goed en trek
57. Afrikaners is plesierig
58. Ek soek na my Dina
59. Tant Hessie se witperd
60. Die Oukraalliedjie
61. Die ou Kalahari
62. Vir die kinders van my land

AVONTUUR

Voortrekkerlewe

63. O, die Voortrekkerlewe

64. Heerlik is die Trekkerslewe
65. Daar's 'n tydjie om te speel
66. Wat maak 'n Trekker?
67. Werk! Werk! Lekker werk!
68. Lag, lag, lag en sing
69. Wat maak jy met 'n snywond
70. Dis lekker by die Voortrekkers

Slaan die tentpenne in

71. Op hierdie kamp
72. Wat maak 'n kamp so lekker
73. Dis net 'n worsie
74. Nog voordag in die môre
75. As jy lekker saamgewerk het
76. Lekker verjaar
77. Kom kuier by die Voortrekkers
78. Dankie is 'n woordjie
79. Nou hou koers dan

NATUUR

Na die veld

80. Kom ons gaan kyk
81. Aanstap, aanstap
82. Ons stap en stap
83. Voortrekker-wandellied
84. Rol die wiele
85. Hoor hoe sing die voëltjies
86. Wandellied
87. Tortelduifie
88. Koffie, koffie

Onder die sterre

89. Die vonke skiet en spring
90. As die vonke deur die lug seil
91. Brand kampvuur
92. Kom daar staan die hout al klaar
93. Om 'n kampvuur in die Bosveld
94. As ek saans met my maats
95. Sawens om die vuurtjie
96. Alle vure brand nou

97. Aanduur daal
98. Soos kampvuurstompe
99. Psalm 8: Daar is geen land
100. Psalm 23: Net soos 'n herder uittrek met sy skape
101. Psalm 33: Sing vrolik, hef die stemna bowe
102. Psalm 100: Juig al wat leef, juig voor die Heer!
103. Psalm 146: Prys die Heer met blye galme
104. Lied 188: Kom dank nou almal God
105. Lied 192: Grote God, u Skepperhand
106. Lied 200: U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie
107. Lied 212: Loof die Heer, Hy is goed
108. Vonkk 5: Vreugde! Vreugde!
109. Vonkk 32: Laat ons skyn vir Jesus
110. Vonkk 120: Soos 'n wildsbok
111. Vonkk 180: Wees genadig, Heer (Kumbaya)
112. Lied 464: O, Heer, my God
113. Lied 509: Op berge en in dale
114. Vonkk 243: Laat my nooit die grond verlaat nie
115. Vonkk 130: Dankie, vir hierdie nuwe môre
116. Vonkk 159: Heer, ons dink aan Afrika
117. 'Nkosi
118. Lied 563: Aan U, o God, my dankgesange
119. Lied 266: Ons Vader wat woon in die hemel
120. Lied 565: Magaliesburge Aandlied

KULTUUR
Voortrekker trots

1. HOU KOERS LIED

Teks: Ansie du Plessis

Melodie: Christa Steyn

As die lente oor die velde
in 'n asem groen ontwaak,
leer en speel ons in ons eie,
word die toekoms oopgemaak.
Om die kampvuur; in die stiltes,
weef ons drome in die wind,
strek ons uit na horisonne
sal die hoop ons saam verbind.

REFREIN

Hou koers! Hou koers!
Deel die liefde vir ons land.
Hou koers! Hou koers!
Pluk die toekoms, vat my hand.

As die son se môreklanke
saggies in my oor kom lê,
kies my voete wandelpaaie,
weet ek wat my siel wil hê.
Oor die vlaktes, deur die ruimtes,
lê my spore ankervas,
volg ek bly my volk se roetes
met geloof se klein kompas.

REFREIN

Hou koers! Hou koers!
Deel die liefde vir ons land.
Hou koers! Hou koers!
Pluk die toekoms, vat my hand.

As die somer in sy glorie
my op tenger halms rig,
reik my hand in diepe ootmoed
na die sekel van my plig.
Erf my kennis, leef my vreugde,
volg die sterre in hul baan,
voel die polsslag van die lewe,

loof die Bron van ons Bestaan.

REFREIN

Hou koers! Hou koers!
Deel die liefde vir ons land.
Hou koers! Hou koers!
Pluk die toekoms, vat my hand.

2. SPORELIED

Teks en melodie: Jak de Priester

Ons spore lê ver oor die land
Tot oor die see se witste sand
Ons vure sal steeds helder brand
Ons vier ons vryheid in ons land

My mooiste drome reis alweer
Na bosveld nagte en donderweer
Dit bring ons vreugde vir die jaar;
dit leer ons liefde vir mekaar.

REFREIN

Want ons harte is hier in die veld
waar die doringbome groei en strome vloei.
Elke dag en elke nag bring nuwe krag.
Maak ons nuwe spore
Voortrekkerspore

Ons spore lê ver oor die land
Ons maak 'n kampvuur selfs in die sand
en ons almal bou 'n hegte band.
Ons vorm die toekoms van ons land

REFREIN

Want ons harte is hier in die veld
waar die doringbome groei en strome vloei.
Elke dag en elke nag bring nuwe krag.
Maak ons nuwe spore
Voortrekkerspore

BRUG

Ons wil ons harte vir jou wys;
ons is diensbaar hier en in elke huis.
Elke dag maak ons spore
Nuwe spore

REFREIN

Want ons harte is hier in die veld
waar die doringbome groei en strome vloei.
Elke dag en elke nag bring nuwe krag.
Want ons harte is hier in die veld
waar die doringbome groei en strome vloei.
Elke dag en elke nag bring nuwe krag
Maak ons nuwe spore Voortrekkerspore... x2

3. OP MY EER BELOOF EK

Teks: Voortrekkegeleedere n.a.v. die Belofte

Melodie: "Straf tog nie in ongenade", Volkswysie verw.: GG Cillié

Op my eer beloof ek plegtig om te strewe,
God almagtig hoog te eer. Om my land,
my volk, my naaste heel my lewe
en met al my krag te dien.
Om die doel van ons Beweging as
die maatstaf van my wandel te aanvaar.

4. JUL BOU MET MEER AS STAAL

Teks: Voortrekkegeleedere, n.a.v. GA Watermeyer

Melodie: Duits

Jul bou met meer as staal of steen,
julle bouwerk maak ons jeug sterk.
Ons volkswees wentel om jul heen,
julle bouwerk maak ons sterk.
Kom, gee jou hand,
ons dien ons vaderland;
vir die kinders van Suid-Afrika
bou ons hier 'n vaste vesting.

5. PENKOP IS DIE BOERENAAM

Teks: Voortrekkegeleedere

Melodie: H Pieter van der Westhuizen

Penkop is die Boerenaam wat ek met vreugde dra;
dis wonderlik om jonk te wees in mooi Suid-Afrika!
As nasaat van die Voortrekkers laat ek my fakkels brand;
en net so vurig vlam dan ook my liefde vir my land.
Soos bok se kind sy horings toets teen boom en wal en rots,

ontdek ook ek my lewenskoers, my kragte en my trots.
Want Penkop is die trotse naam wat ek as Trekker dra,
gereed om steeds my plig te doen vir my Suid-Afrika!

6. VIR DRAWWERTJIES

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Tradisioneel

Ons is oulik, ons is vroulik.
Drawwertjies! Drawwertjies!
Kom ons sing 'n liedjie,
luister net 'n bietjie:
ons sing só: ons is bo!

7. VERKENNERTYD IS UITSPRINGTYD

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Wes-Indies

1. Verkennertyd is uitspringtyd
leer ken die wêreld wyd en syd.
Die jare gaan so snel verby:
wat hou die toekoms in vir my?

REFREIN

Bring my rugsak en stewels
Gee my my stapstok aan.
Sien jy die pad oor die heuwels?
Dis waar ek heen gaan.
Vriend, kom jy saam?
Kom ons gaan klim na die kruine:
anderkant die rante wag die res van die lewe.

2. 'n Mens moet werk en mens moet sweet,
om eers te leer wat hy moet weet;
sy eie koers moet elkeen baan:
wie weet waarlangs my pad nog gaan?

REFREIN

3. En kom ek ooit weer eendag tuis,
dan wink nog steeds die Suiderkruis;
die verre einders lok my aan:
wie kan die trek se drang weerstaan?

REFREIN

8. STAATMAKERLIEFDE

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: "Saam na die Noorde" (1938), Stephen H Eysen

1. Staatmakerliefde brand in my bors!
Staatmakernooientjie, ek voel dors.
Kom ons koop 'n gemmerbier,
Twee strooitjies in 'n glas.
Staatmakersakgeld!
Ons tweetjies sal moet las.
2. Staatmakerliefde, wie kan dit stuit!
Staatmakerkêrel, neem my uit.
Kom ons leen jou pa se kar,
my fiets se wiel is pap.
Staatmakervoertuig!
Ons tweetjies sal moet stap.

9. TREKKERMAAT

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Duits

1. Trekkermaat, goeie maat,
jou vriendskap is my lewe,
Trekkermaat, goeie maat,
aan jou my trou gegewe.
Trekkermaat, goeie maat,
Op my kan jy vertrou,
Trekkermaat, goeie maat,
Ek bly hier dig by jou.
2. Trekkermaat, goeie maat,
ons dien dieselfde strewe;
Trekkermaat, goeie maat,
vir hierdie land ons lewe.
Trekkermaat, goeie maat,
tesaam sal ons oorwin.
Trekkermaat, goeie maat,
tesaam die toekoms in!

10. DIE WEKROEP

Teks: Tienie Malan

Melodie: Hendrik du Toit

Die bome roep, die klowe roep na jou, na jou.
Voortrekkerkind sal tuiste vind by jou, by jou.
Hier gaan ons saam,
hier staan ons saam,
hier bou ons saam vir jou.
Trou sal ons bly, ou Doornkloof aan jou

Die voorslag knal, ons spanne sal verstaan, verstaan.
Die bodem is ons erfenis voortaan, voortaan.
Hier gaan ons saam,
hier staan ons saam,
hier werk ons saam voortaan.
Trou sal ons bly, ou Doornkloof aan jou

11. FAKKELS EN WIELE

Teks: Theo Naude

Melodie: Janita Claassen

1. Dis 'n eeu en 'n half en die wawiele rol
weer deur ons mooi land Suid-Afrika.
As iemand sou vra waarom wawiele loop;
dis om gister se vreugde aan môre te knoop.
REFREIN
Die fakkels en wiele, dit is ons embleem
en geen mag op aarde kan dit van ons neem.
Dis wiele vir voorwaarts, dis fakkels vir hoop.
Sit weg al jou goud, man, dit is nie te koop.
2. "Sal iemand my help," vra 'n drawwertjie my
"dat ek ook 'n plek by die kampvuur kan kry."
Want saans om die kampvuur – elkeen op sy plek;
vier ons die vreugde van hierdie Groot Trek.
REFREIN
Die fakkels en wiele, dit is ons embleem
en geen mag op aarde kan dit van ons neem.
Dis wiele vir voorwaarts, dis fakkels vir hoop.
Sit weg al jou goud, man, dit is nie te koop.
3. Die flinkste spanleier loer skelm na my
en fluister: Die mooiste klein drawwer is sy
So wakker en pragtig as wat jy kan kry
Ons toekoms is veilig met nooiens soos sy.
REFREIN
Die fakkels en wiele, dit is ons embleem
en geen mag op aarde kan dit van ons neem.

Dis wiele vir voorwaarts, dis fakkels vir hoop.
Sit weg al jou goud, man, dit is nie te koop.

12. BRAND FAKKEL, BRAND

Teks: CR Swart

Melodie: Dirkie de Villiers

1. Laat jou lig steeds vlamwend brand, vlam jou boodskap deur ons land.
Smee 'n hegte eenheidsband, met trou en liefde vas verpand
aan ons skone vaderland, aan ons skone vaderland.
Brand, fakkels, brand, fakkels, brand, fakkels, brand!
2. Vul ons harte met jou gloed, brand dit tot in murg en bloed.
Sterk ons hier met hernieuwe moed, rotsvas te staan in suur en soet,
vir ons dierbaar vaderland, vir ons dierbaar vaderland.
Brand, fakkels, brand, fakkels, brand, fakkels, brand!
3. In harte een, in lewe een, in siele een, in strewe een,
dien ons eie volk alleen. So stap ons voort tot heil en seën
van ons eie vaderland, van ons eie vaderland.
Brand, fakkels, brand, fakkels, brand, fakkels, brand!

13. ONS BOU VIR DIE TOEKOMS

Woorde: Voortrekkergeleedere

Melodie: "Dis heerlike lente", Switsers

Ons bou vir die toekoms,
ons bou volgens plan.
Ons bou met ons dade
so al wat ons kan.

Daarom die juigtoon,
daarom die lag;
daarom die hoop
op ons Trekkergeslag.

Afrikaner kultuurliedere

14. DIE STEM

Teks: CJ Langenhoven

Melodie: ML de Villiers

1. Uit die blou van onse Hemel, Uit die dieptes van ons see,

Oor ons ewige gebergtes, waar die kranse antwoord gee,
Deur ons verlate vlaktes, met die kreun van ossewa –
Ruis die stem van ons geliefde, van ons land Suid-Afrika.
Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra:
Ons sal lewe: ons sal sterwe - ons vir jou Suid-Afrika!

2. In die merg van ons gebeente, in ons hart en siel en gees,
In ons roem op ons verlede, in ons hoop op wat sal wees;
In ons wil en werk en wandel, van ons wieg tot aan ons graf –
Deel geen ander land ons liefde, trek geen ander trou ons af.
Vaderland! ons sal die adel van jou naam met ere dra:
Waar en trou as Afrikaners – kinders van Suid-Afrika!
3. In die songloed van ons somer, in ons winternag se kou,
In die lente van ons liefde, in die lanfer van ons rou,
By die klink van huw'liksklokkies, by die kluitklap op die kis –
Streel jou stem ons nooit verniet nie, weet jy waar jou kinders is.
Op jou roep sê(g) ons nooit nee nie, sê(g) ons altyd, altyd ja:
Om te lewe, om te sterwe – ja, ons kom, Suid-Afrika!
4. Op U Almag vas vertrouend het ons vadere gebou:
Skenk ook ons die krag, o Here! om te handhaaf en te hou –
Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry.
Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer –
Met ons land en met ons nasie, sal dit wel wees, God regeer.

15. VLAGLIED

Teks: CJ Langenhoven

Melodie: FJ Joubert

Nooit hoof jul kinders wat trou is te vra
wat beteken jou vlag dan Suid-Afrika?
Ons weet hy's die seël van ons vryheid en reg
vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg;
die pand van ons erfenis, geslag tot geslag,
Om te hou vir ons kinders se kinders wat wag;
ons nasie se grondbrief van eiendomsland,
uitgegee op gesag van die Hoogste se hand.
Oor ons hoof sal ons hys, in ons hart sal ons dra,
die vlag van ons eie Suid-Afrika.

16. VRYSTAATSE VOLKSLIED

Teks: HAL Hamelberg

Melodie: WFG Nicolai, verw.: H Pieter van der Westhuizen

1. Heft, Burgers, 't lied der vrijheid aan en zingt ons eigen volksbestaan!
Van vreemde banden vrij,
bekleedt ons klein gemenebest, op orde, wet en recht gevest,
rang in der Statenrij, rang in der Statenrij.
2. Al heeft ons land een klein begin, wij gaan met moed de toekomst in,
het oog op God gericht.
Die niet beschaamt wie op Hem bouwt, op Hem als op een burcht vertrouwt,
die voor geen stormen zwicht, die voor geen stormen zwicht.
3. Zie in gená en liefde neer op onze President, o Heer!
Wees Gij zijn toeverlaat!
De taak, die op zijn schouders rust, vervulle hij met trouw en lust
tot heil van volk en staat, tot heil van volk en staat.
4. Bescherm, o God de Raad van't land, geleidt hom aan Uw vaderhand,
verlicht hem van omhoog
opdat zijn werk geheilgd zij en vaderland burgerij
ten zegen strekken moog', ten zegen strekken moog'.
5. Heil, driewerf heil de dierb're Staat het Volk, de President, de Raad!
Ja, bloei' naar ons gezang
de Vrijstaat en zijn burgerij, in deugden groot, van smetten vrij,
nog tal van eeuwen lang, nog tal van eeuwen lang.

17. TRANSVAALSE VOLKSLIED

Teks: CF van Rees, 1875

Melodie: CF van Rees, verw.: GG Cillié

1. Kent gij dat volk vol heldenmoed en toch zo lang geknecht?
Het heeft geofferd goed en bloed voor vryheid en voor recht.
Komt, burgers! laat de vlaggen wapp'ren, ons lijden is voorbij;
roemt in de zege onzer dapp'ren: dat vrije volk zijn wij!
Dat vrije volk, dat vrije volk, dat vrije, vrije volk zijn wij!
5. Kent gij dat land, zo schaars bezocht en toch so heerlijk schoon?
Waar de natuur haar wond'ren wrocht, en kwistig stelt ten toon?
Transvalers! laat ons feestlied schallen! Daar waar ons volk hield stand,
waar onze vreugdeschoten knallen, daar is ons vaderland!
Dat heerlijk land, dat heerlijk land, dat is, dat is ons vaderland!
6. Kent gij die Staat, nog maar een kind in's wereldds Statenrij,

maar tog door't machtig Brits bewind weleer verklaard voor vrij?
Transvalers! edel was uw streven, en pijnlik onze smaad,
maar God die uitkomst heeft gegeven, zij lof voor d'eigen Staat!
Looft onze God! Looft onze God! Looft onze God voor land en Staat!

18. DE VLAAMSE LEEUW

Teks: TH van Peene

Melodie: K Mirij, verw.: Dirkie de Villiers

1. Zij zullen hem niet temmen, de fiere Vlaamse Leeuw,
al dreigen zij zijn vrijheid met kluisters en geschreeuw.
Zij zullen hem niet temmen, zolang één Vlaming leeft,
zolang de Leeuw kan klauwen, zolang hij tanden heeft.

REFREIN

Zij zullen hem niet temmen, zolang één Vlaming leeft,
zolang de Leeuw kan klauwen, zolang hij tanden heeft,
zolang de Leeuw kan klauwen, zolang hij tanden heeft.

2. De tijd verslindt de steden, geen tronen blijven staan,
de legerbenden sneven, een volk zal niet vergaan.
De vijand trekt te velde, omringd van doodsgevaar.
Wij lachen met zijn woede, de Vlaamse Leeuw is daar.

REFREIN

Zij zullen hem niet temmen, zolang één Vlaming leeft,
zolang de Leeuw kan klauwen, zolang hij tanden heeft,
zolang de Leeuw kan klauwen, zolang hij tanden heeft.

19. DAS SÜDWESTERLIED (SUIDWESLIED)

Teks: Heinz-A Klein-Werner

Melodie: Heinz-A Klein-Werner

1. So, hart wie Kameldornholz ist unser Land und trocken sind seine Riviere.
Die Klippen, sie sind von der Sonne verbrannt und scheu sind im Busche die Tiere.
Und sollte man uns fragen: was hält euch denn hier fest, ja fest?
Wir könnten nur sagen: wir lieben Südwest!
Und sollte man uns fragen: was hält euch denn hier fest, ja fest?
Wir könnten nur sagen: wir lieben Südwest!
2. Doch uns're Liebe ist teuer bezahlt trotz allem, wir lassen dich nicht.
Weil unsere Sorgen überstrahlt der Sonne hell leuchtendes Licht.
Und sollte man uns fragen: was hält euch denn hier fest?
Wir könnten nur sagen: wir lieben Südwest!

Und sollte man uns fragen: was hält euch denn hier fest?
Wir könnten nur sagen: wir lieben Südwest!

3. Und kommst du selber in unser Land und hast seine Weiten geseh'n,
und hat uns're Sonne ins Herz dir gebrannt, dann kannst du nicht wieder gehen.
Und sollte man dich fragen: was hält dich denn hier fest?
Du könntest nur sagen: Ich liebe Südwest!
Und sollte man dich fragen: was hält dich denn hier fest?
Du könntest nur sagen: Ich liebe Südwest!

20. DIERBAAR SUID-AFRIKA

Teks: CF Visser

Melodie: F Flemming, verw.: Dirkie de Villiers

1. Land van die vaders, land van vrome Trekkers,
jy is ons dure pand, ons geliefde vaderland.
Jou dien met al ons vlyt, jou beskerm in sware stryd!
Dierbaar Suid-Afrika.
2. Gee ons die manne, rein in al hul wandel,
manne met Trekkersbloed, trou in al hul handel.
Dan is ons onbevrees, sal ons toekoms veilig wees.
Dierbaar Suid-Afrika.
3. Gee ons die vroue, eerbaar in hul wandel,
vroue met Trekkersmoed, rein in al hul handel.
Dan bly ons roem bewaar, dan ook bly ons volk gespaar.
Dierbaar Suid-Afrika.

21. DIE LIED VAN JONG SUID-AFRIKA

Teks: Eitemal, gewysig: P McLachlan

Melodie: Hugo Gutsche, verw.: Dirkie de Villiers

1. En hoor jy die magtige dreuning? Oor die veld kom dit wyd gesweef:
die lied van 'n volk se ontwaking wat harte laat sidder en beef.
Van Kaapland tot bo in die Noorde rys daverend luid die akkoorde:
Dit is die Lied van Jong Suid-Afrika, dit is die Lied van Jong Suid-Afrika,
dit is die Lied van Jong Suid-Afrika.
2. Die klop van die Voortrekkerwawiel het die eeue se rus verstoort;
die klank van die voorlaaierskote het kloue en kranse gehoor.
Die diere het stil staan en luister, die bome het bewend gefluister:
Dit is die Koms van Jong Suid-Afrika, dit is die Koms van Jong Suid-Afrika,
dit is die Koms van Jong Suid-Afrika.

3. Waar songloed in glorie die berge oor hul fronsende voorhoof streel,
waar ruisende wind oor die vlaktes met grassaad kerjaker en speel.
Die land wat ons vaders gekoop het, met bloed tot ons eie gedoop het:
Dit is die Land van Jong Suid-Afrika, dit is die Land van Jong Suid-Afrika,
dit is die Land van Jong Suid-Afrika.
4. Die golwende veld is ons woning en ons dak is die hemelblou;
die Vryheid alleen is ons koning, sy wagwoord is: "Handhaaf en bou".
Die stryd wat ons vaders begin het, sal woed tot ons sterf of oorwin het:
Dit is die Eed van Jong Suid-Afrika, dit is die Eed van Jong Suid-Afrika,
dit is die Eed van Jong Suid-Afrika.

22. O, BOEREPLAAS

Teks: CF Visser

Melodie: "Der Tannenbaum", gewysig, verw.: Dirkie de Villiers

O, Boereplaas, geboortegrond! Jou het ek lief bo alles.
Al dwaal ek heel die wêreld rond, waar so gelukkig, so gesond?
O, Boereplaas, geboortegrond! Jou het ek lief bo alles.

O, moederhuis, waar ooit so tuis? Jou het ek lief bo alles.
Die wêreld, rykdom, prag en praal kan jou verlies my nooit betaal.
O, moederhuis, waar ooit so tuis? Jou het ek lief bo alles.

O, moedertaal, o, soetste taal! Jou het ek lief bo alles.
Van al die tale wat ek hoor, niks wat my siel ooit so bekoor.
O, moedertaal, o, soetste taal! Jou het ek lief bo alles.

23. AFRIKANERS, LANDGENOTE

Teks: Nico Hofmeyr

Melodie: Joseph Haydn, verw.: H Pieter van der Westhuizen

1. Afrikaners, Landgenote, wees getrou aan Volk en Taal!
Aan julselwe, aan elkander, van die Kaap tot aan die Vaal;
van Oranje tot Sambesie, in Natal en in Transvaal
Afrikaners, Landgenote, wees getrou aan Volk en Taal!
2. Afrikaanse Moeders, Dogters, Afrikaanse son en veld
is beroemd deur heel die wêreld, staan in boek en lied vermeld;
hul besiel met hoop en liefde, hoër, edeler dan geld,
Afrikaanse Moeders, Dogters, Afrikaanse son en veld!
3. Eenheid, Vryheid, Reg en Liefde in ons dierbaar Vaderland,

daarvoor stry ons, daarvoor ly ons almal same in ons land.
Eenheid, Vryheid, Reg en Liefde, daarvoor werk ons hand aan hand,
Eenheid, Vryheid, Reg en Liefde in ons dierbaar Vaderland!

24. UIT DIE CHAOS VAN DIE EEUE

Teks: DF Viljoen

Melodie: Stephen H Eyssen

1. Uit die chaos van die eeue het verrys 'n stoere volk.
Met die durf van pioniere word ons nasiestryd vertolk.
Met die polsslag van ons volksiel word ons dank jou toegedra.
Deur ons sangers, skilders, bouers roem ons jou, Suid-Afrika.
REFREIN
Ons sal handhaaf, ons sal opbou, ons sal hoog jou vaandel dra;
ons sal sterk wees in ons liefde, vir ons volk, Suid-Afrika.
2. Hoor hoe skoon ruis oor ons velde soetste taal van klein en groot:
eerste klanke in ons ore, en die laaste by die dood.
Dis die taal van voorgeslagte, van die volksvergadersaal;
op ons kansel, in ons howe klink die Afrikaanse taal.
REFREIN
Ons sal handhaaf, ons sal opbou, ons sal hoog jou vaandel dra;
ons sal sterk wees in ons liefde, vir ons taal, Suid-Afrika.
3. Een van hart en sin en strewe, vasvertrouend op die Heer,
sal ons bou 'n toekoms heerlik op die skone van weleer.
Uit die diepte van ons harte smee ons vurig om gena,
om te hou wat ons verwerf het, om te bou, Suid-Afrika.
REFREIN
Ons sal handhaaf, ons sal opbou, ons sal hoog jou vaandel dra;
ons sal sterk wees in ons liefde, vir ons land, Suid-Afrika.

25. VOORTREKKERS, STOERE VOORGESLAG

Teks: BH Badenhorst

Melodie: AP Hommel

1. Voortrekkers, stoere voorgeslag, ons volg die wawielspore.
En die naam dra ons nog vandag: want ons is Boer gebore.
Vir ons God en volk en taal is ons hoogste strewe.
Soos ons voorgeslag van staal wil ons dien en lewe.
REFREIN
Ons sal koers hou, ons sal bou, hoog jou vaandel dra;
al ons liefde, al ons trou aan jou, Suid-Afrika!

2. Voortrekkers, stoere voorgeslag, ons volg die wawielspore.
En die naam dra ons nog vandag: want ons is Boer gebore.
Ons bly eerlik en getrou, eerbaar in die lewe.
Op ons leuse wil ons bou, na die hoogste strewe.

REFREIN

Ons sal koers hou, ons sal bou, hoog jou vaandel dra;
al ons liefde, al ons trou aan jou, Suid-Afrika!

26. KEN JY DIE LAND?

Teks: CF Visser

Melodie: J Brent-Wessels

1. Ken jy die land waar die Boerevolk woon?
Land met sy berge, terrasse gekroon,
land met sy ruimte so wyd en so vry?
Ai, dis die land, dis die wêreld vir my!

REFREIN

Ken jy die land? Ken jy die land?
Ken jy die land waar die Boerevolk woon?
Ken jy die land waar die Boerevolk woon?
Ai, dis die land, dis die wêreld vir my!

2. Ken jy die land waar die springbokke bly:
land met sy troppe, sy kuddes aan wei,
Land met sy gasvrye wonings daarby?
Ai, dis die land, dis die wêreld vir my!

REFREIN

Ken jy die land? Ken jy die land?
Ken jy die land waar die Boerevolk woon?
Ken jy die land waar die Boerevolk woon?
Ai, dis die land, dis die wêreld vir my!

3. Ken jy die land met sy sonlig, sy veld:
Land met sy spore van Voortrekkerheld,
land met sy stemme, diep stemme wat vra?
Ai, dis die land, dis my Suid-Afrika!

REFREIN

Ken jy die land? Ken jy die land?
Ken jy die land waar die Boerevolk woon?
Ken jy die land waar die Boerevolk woon?
Ai, dis die land, dis die wêreld vir my!

27. DIE HOOGLAND IS ONS WONING

Teks: Eitemal

Melodie: HH Pierson

1. Die Hoogland is ons woning, die land van son en veld,
waar woeste vryheidswinde waai oor graf van meen'ge held.
Die ruimtes het ons siel gevoed, ons kan g'n slawe wees,
want vryer as die arendsvlug, die vlugte van ons gees.
REFREIN
Dis die tyd, dis die dag, om te handhaaf en te bou.
Hoog die hart, hoog die vlag, ons Oranje-blanje-blou!
Ons gaan saam die donker toekoms in om as een te sneuwel of oorwin,
Met ons oog gerig op jou, ons Oranje-blanje-blou!
2. Die ruwe bergereekse staan hoog teen awendlug,
soos gryse ewighede daar versteen, verstyf in vlug.
En stewig soos die grou graniet ons Boeretrots en -trou,
die fondament waarop ons hier'n nuwe nasie bou.
REFREIN
Dis die tyd, dis die dag, om te handhaaf en te bou.
Hoog die hart, hoog die vlag, ons Oranje-blanje-blou!
Ons gaan saam die donker toekoms in om as een te sneuwel of oorwin,
Met ons oog gerig op jou, ons Oranje-blanje-blou!
3. Die God van onse vaders het ons hierheen gelei,
ons dien sy grootse skeppingsplan, solank ons Boere bly.
Ons buig ons hoof voor Hom alleen; en as Hy ons verhoor,
omgord ons bly die lendene: die toekoms wink daar voor.
REFREIN
Dis die tyd, dis die dag, om te handhaaf en te bou.
Hoog die hart, hoog die vlag, ons Oranje-blanje-blou!
Ons gaan saam die donker toekoms in om as een te sneuwel of oorwin,
Met ons oog gerig op jou, ons Oranje-blanje-blou!

28. AS DIE OPROEP KOM VIR DIENS

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: "Erica", H Niel

As die oproep kom vir diens aan eie land, voortmarsjeer, Voortrekker, voortmarsjeer!
Staan jou man en doen jou plig met vaste hand; voortmarsjeer, Voortrekker, voortmarsjeer!

Bring die offer wat jou land jou vra, Trekkerjeug wat vryheidsvaandel dra
Laat ons saam ons volk se naam in ere hou.
Voortmarsjeer, Voortrekker, voortmarsjeer!

29. NIMMER GAAN 'N NASIE ONDER

Teks: BH Badenhorst

Melodie: Cissy en Willie Cooper

1. Nimmer gaan 'n nasie onder as ons in gedagt'nis hou:
al die adel, al die wonder van sy manmoed en trou.
Trots die wêreld se misnoeë trek ons vol vertroue voort;
ons is kinders van die Groot Trek, nasie enig van sy soort.
2. Ons het hier 'n plig en strewe in ons land Suid-Afrika,
wat ons dien deur heel ons lewe soos ons volk dit van ons vra.
Hou dan Koers, ons mag nooit weifel, laat ons fakkels helder brand,
dat ons nasie nooit sal twyfel aan die toekoms van ons land.

30. DIE LAND IS JOU LAND

Teks: Guthrie, verw.: Des en Dawn Lindberg

Melodie: Gutrie

Die land is jou land, die land is my land;
van die ou Limpopo, tot die Kaapse sandstrand.
En die Drakensberge, die vaal Karooland;
die land behoort aan jou en my.
Ek wil hier lewe, ek wil hier sterwe,
dat die jeug van more 'n toekoms erwe.
Ons mag nooit twyfel, ons mag nooit weifel;
die land behoort aan jou en my.
Die land behoort aan jou en my.

31. LAND IN DIE SUIDE

Teks en melodie: Johan Stemmet/Johan van Rensburg

1. Daar is 'n land in die Suide waar jy my sal kry.
Daar's 'n land in die Suide hy sal bobaas bly.
Dis 'n land vol beloftes waarop ek so baie trots is,
en ek strewe na vrede in ons Suid-Afrika!
REFREIN
SUID-AFRIKA (Die land, die mense, 'n eie moedertaal)
SUID-AFRIKA (Hier waar die springbok sy ruimte kan bepaal)
SUID-AFRIKA (Jy met jou veldblom, proteas teen die hange
die bokmakierie kiere-kiere in die laning.)
2. Daar's 'n land in die Suide wat sy man kan staan
Daar's 'n land in die Suide; jy moet soontoe gaan.

Dis 'n land vol beloftes waarop ek so baie trots is,
dis ons land in die Suide, ons land, Suid-Afrika!

REFREIN

SUID-AFRIKA (Die land, die mense, 'n eie moedertaal)

SUID-AFRIKA (Hier waar die springbok sy ruimte kan bepaal)

SUID-AFRIKA (Jy met jou veldblom, proteas teen die hange
die bokmakierie kiere-kiere in die laning.)

3. Daar's 'n land in die Suide waar die son altyd skyn.
Daar's 'n land in die Suide met plek vir groot en klein.
Dis 'n land vol beloftes waarop ek so baie trots is,
en hier bly ek tevrede in ons Suid-Afrika!

REFREIN

SUID-AFRIKA (Die land, die mense, 'n eie moedertaal)

SUID-AFRIKA (Hier waar die springbok sy ruimte kan bepaal)

SUID-AFRIKA (Jy met jou veldblom, proteas teen die hange
die bokmakierie kiere-kiere in die laning.)

4. Daar's 'n land in die Suide tussen berg en see.
Daar's 'n land in die Suide wat my blydschap gee.
Dis 'n land vol beloftes waarop ek so baie trots is,
dis ons land in die Suide, ons land, Suid-Afrika!

REFREIN

SUID-AFRIKA (Die land, die mense, 'n eie moedertaal)

SUID-AFRIKA (Hier waar die springbok sy ruimte kan bepaal)

SUID-AFRIKA (Jy met jou veldblom, proteas teen die hange
die bokmakierie kiere-kiere in die laning.)

32. DE WET!

Teks: Danie Theron; gewysig: P. McLachlan

Melodie: W Tolsma; verw.: Chris Lamprecht

1. Wie is die dapper generaal? De Wet!
Wie stry so dapper in Transvaal? De Wet!
Wie is dit wat die trotse Brit so telkens in die stof laat sit?
De Wet, de Wet, de Wet, de Wet, de Wet, de Wet, de Wet!
2. Wie kom, wie gaan net soos 'n gees? De Wet!
Wie word deur Tommie meer gevrees? De Wet!
Wie is dit wat so elke slag verskyn waar hul hom nie verwag?
De Wet, de Wet, de Wet, de Wet, de Wet, de Wet, de Wet!
3. Wie ken die pad om koers te hou? De Wet!
Wie is dit wat die moed behou? De Wet!
Wie laat hom van geen vyand paai? Wie toon hom immer ewe taai?
De Wet, de Wet, de Wet, de Wet, de Wet, de Wet, de Wet!

33. LAND VAN ONS VADERS

Teks: Jan H Pienaar (vers 1), P McLachlan (vers 2, 3)

Melodie: Walliese Volkslied, J James; verw.: A Wium

1. O land van ons vaders, so ruim en so vry,
ons sing van jou glorie, verruk en verbly;
jou strydere het dapper hul laste gedra,
vir vryheid wat Vaderland vra
REFREIN
Suidland, my land, ons Vaderland;
ons hart en ons hand jou liefde ten pand;
tot sterwens toe, ons Vaderland.

2. O tuiste, o Suidland, ons woning, ons trots,
jou berge en vlaktes, jou seestrand en rots;
jou bodem so kosbaar dit wil ons behou,
bewaar met ons liefde en trou!
REFREIN
Suidland, my land, ons Vaderland;
ons hart en ons hand jou liefde ten pand;
tot sterwens toe, ons Vaderland.

3. Beskimp en gehoon deur die vyand so sterk,
dit staal ons tot deugsame ywer en werk;
standvastig gee ons aan mekaar dan die hand,
in diens van ons volk en ons land.
REFREIN
Suidland, my land, ons Vaderland;
ons hart en ons hand jou liefde ten pand;
tot sterwens toe, ons Vaderland.

Voorinnie Afrikaanse koor!

34. AAN DIE EINDE VAN DIE REËNBOOG

Teks en melodie: Christa Steyn

1. Waar's die son van jou lag?
Waar's die blink van jou oë?
Waar is die jy, waarin ek kon glo?
Waar's die pols van jou hart, en die gee van jou hand?
Waar het ek jou verloor?

Aan die einde van die reënboog, reg geklee in geel en blou.
Vol geheime in sy goudpot met waarheid oor my en oor jou.
Aan die einde van die reënboog, reg geklee in geel en blou
Vol geheime in sy goud pot met waarheid oor my en oor jou.

2. Waar's die fors van jou staan?
Waar's die knik van jou ja?
Waar's die droom wat vergete waak?
Hoe verstaan mens alleen, al die seer, die vervreem?
Waar het ek jou verloor?

Aan die einde van die reënboog, reg geklee in geel en blou.
Vol geheime in sy goudpot met waarheid oor my en oor jou.
Aan die einde van die reënboog, reg geklee in geel en blou.
Vol geheime in sy goudpot met waarheid oor my en oor jou.

35. AI, MEISIE MEISIE

Woorde en melodie: Jan de Wet

1. Ai, meisie, meisie om jou lippe fluit 'n wysie
wat ek graag in jou arms in die maanlig sal wil hoor.
Ai, meisie, meisie my ou hart voel glad nie pluis nie,
want ek het my kop verloor toe ek daardie wysie hoor.

REFREIN

Jou hare is so mooi en blond, jou lippe is so rooi;
ai, toggie kyk hoe plooi jou mond, jy's vreeslik mooi.
Ai, doedie, doedie, ag, ek wens ek was jou boetie,
want dan kan ons mos nou saam in die branders gaan baljaar.
Ai, aster, aster, vat my hand en druk my vaster,
want my kop voel deurmekaar as ek na jou skoonheid staar.

2. Ai, meisie, meisie wil jy nie dalk met my kys nie,
want dan vat ek aan jou hand en dan loop ons oor die sand.
Mooi meisie, meisie, wil jy nie maar vir my wys nie
dat jy ook 'n bietjie hou van hierdie gawe ou.

REFREIN

Jou hare is so mooi en blond, jou lippe is so rooi
Ai, toggie kyk hoe plooi jou mond, jy's vreeslik mooi.
Ai, doedie, doedie, ag, ek wens ek was jou boetie,
want dan kan ons mos nou saam in die branders gaan baljaar.
Ai, aster, aster, vat my hand en druk my vaster,
want my kop voel deurmekaar as ek na jou skoonheid staar.

36. DANKIE

Teks: Chris Steyn

Melodie: G Schneider

Dankie vir hierdie skone môre, dankie vir hierdie nuwe dag.
Dankie dat U oor my gewaak het deur die, donker nag.
Dankie vir elke kinderlaggie, dankie vir elke sonnestraal.
Dankie dat ek my weg terugvind waar ek ook al dwaal.
Dankie vir al die goeie vriende, dankie vir elke boom en blom.
Dankie vir al die seëninge wat na my toe kom.
Dankie dat U oor my gewaak het deur die, donker nag.

Dankie vir al die goeie vriende, dankie vir elke boom en blom.
Dankie vir al die seëninge wat na my toe kom.
Dankie vir vlaktes en vir berge, dankie vir elke silwerstroom.
Dankie vir al ons ideale, elke goue droom.
Dankie vir hierdie skone môre, dankie vir hierdie nuwe dag.
Dankie dat U oor my gewaak het, deur die donker nag.
Dankie dat U oor my gewaak het deur die, donker nag.

37. DIS 'N LAND

Teks: Johan Stemmet

Melodie: LB Meinunger

1. Daar's 'n land aan suiderkant, kom deel in sy verhale.
Uit die ooste, weste, noorde, suide toebring.
Dis 'n land met milde hand wat uitreik telkemale
om die hoop van môre te besing.
REFREIN
Dis 'n land van kleure en klank
dis 'n land van oorfloed en dank
dis 'n land waar almal na strewe.
Dis 'n land sonder horison en
dis 'n land wat weet hy kan
ook 'n blyplek neerlê vir my.
Watter man wat sy kind verstaan
sal hom verlaat om alleen op sy weg te gaan:
hierdie land bied almal 'n lewe.
Watter vrou sal haar kind vermaan
as daar vir hom ook 'n plek in die son bestaan:
hierdie land bied almal sy deel.
2. Daar's 'n land wat nooit verpand sy kosbaarste besitting;
vele mense, volke, wat sy lewensdraad sal bly.
Dis 'n land wat koers kan hou, gee jy maar net die rigting:

baan die môre ook vir jou en my.

REFREIN

Dis 'n land van kleure en klank
dis 'n land van oorvloed en dank
dis 'n land waar almal na strewe.

Dis 'n land sonder horison en
dis 'n land wat weet hy kan
ook 'n blyplek neerlê vir my.

Watter man wat sy kind verstaan
sal hom verlaat om alleen op sy weg te gaan:
hierdie land bied almal 'n lewe.

Watter vrou sal haar kind vermaan
as daar vir hom ook 'n plek in die son bestaan:
hierdie land bied almal sy deel.

38. DUITSWESWALS

Teks en melodie: Tradisioneel

1. Duitswes is lekker, Duitswes is goed.
Duitswes is vol van die Boertjies se bloed.
Al trek ons sonder water, al trek ons sonder kos
dan weet ons die Boertjies die gaan ons verlos.

REFREIN

Dans met die rooi rok, die hartlam van my.

Dis die rooi rok, dis die mooi rok

Dis die rooi rok wat waai.

Dawid de Lange se orkes haai haai!

Dis die rooi rok, dis die mooi rok,

dis die rooi rok wat swaai.

2. Ons kommandantjie is 'n kleine Joubert,
hy trek met ons haastig, hy trek met ons ver.
Hy trek deur die Bosrand met 'n grote gevaar
ons hempies is stukkend, ons broekies is gaar.

REFREIN

Dans met die rooi rok, die hartlam van my.

Dis die rooi rok, dis die mooi rok

Dis die rooi rok wat waai.

Dawid de Lange se orkes haai haai!

Dis die rooi rok, dis die mooi rok,

dis die rooi rok wat swaai.

3. Klein kommandantjie en 'n groot generaal,
hul trek met ons daaruit ou ver Wes-Transvaal
Ons drink eers 'n sopie, dan gaan ons weer weg,

dan gaan ons so moedig teen die platpote veg.

REFREIN

Dans met die rooi rok, die hartlam van my.

Dis die rooi rok, dis die mooi rok

Dis die rooi rok wat waai.

Dawid de Lange se orkes haai haai!

Dis die rooi rok, dis die mooi rok,

dis die rooi rok wat swaai.

4. Diertjie die huil nou, haar hartjie die blus,
Haar soetlief's nie hier nie, maar ver in Duitswes
Duitswes word donker, Duitswes word goed,
Duitswes word donker van die Jerman se bloed.

REFREIN

Dans met die rooi rok, die hartlam van my.

Dis die rooi rok, dis die mooi rok

Dis die rooi rok wat waai.

Dawid de Lange se orkes haai haai!

Dis die rooi rok, dis die mooi rok,

dis die rooi rok wat swaai.

39. HUISIE BY DIE SEE

Teks: HA Fagan

Melodie: Laurinda Hofmeyer

1. Ek het 'n huisie by die see, dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen, die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.

REFREIN

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.

Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite.

Ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite.

Hier binne is dit veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan;

dit is 'n rots waarop my huisie staan.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan;

dit is 'n rots waarop my huisie staan;

dit is 'n rots waarop my huisie staan.

2. Ek hoor die winde huil, 'n kreun, 'n krag
soos van verlore siele in hul nood.
Al dwalend klaagend wat in graf en dood
geen rus kon vind nie maar nog seek en smag.

REFREIN

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite.
Ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite.
Hier binne is dit veilig, warm en dig.
Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan;
dit is 'n rots waarop my huisie staan.
Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan;
dit is 'n rots waarop my huisie staan;
dit is 'n rots waarop my huisie staan.

40. EK VERLANG NA JOU

Teks en melodie: Jan de Wet

1. O, ek verlang na jou,
na die winde wat sy arms om my vou,
so verlang ek as die son en die maan
en die wind en die wolke oor my gaan.
Verlang jy ook na my,
daar waar jy nou in die verre lande bly?
En verlang jy as die son en die maan
En die wind en die wolke oor jou gaan?
Waai wind, bring hom terug na my.
Waai wind, bring hom terug na my. O, ...

41. KINDERS VAN DIE WIND

Teks en melodie: Koos du Plessis

1. Ek ken 'n ou-ou liedjie van lewenswel en weë.
Van lank vergane skepe in die kelders van die see.

Die woorde is vergete en tog die deuntjie draal
soos vaag onthoude grepies uit 'n baie ou verhaal.

Van swerwers sonder rigting, van soekers wat nooit vind.
En eindelijk was almal maar net kinders van die wind.
2. Gesigte, drome, name is deur die wind verwaai.
En waarheen daardie woorde is sou net 'n kind kon raai.

Van swerwers sonder rigting, van soekers wat nooit vind
En eindelijk was almal maar net kinders van die wind. (3x)

42. LIED VAN DIE BOLAND

Teks: Gert van Tonder

Melodie: Jack Trombey

1. Daar is 'n land by die see wat my alles kan gee,
Dit is 'n land wat vreugde bring.
Bo van die berge tot in die vallei is die wêreld net vir my.
REFREIN
Dis my land, my land, die Boland vir my;
dis die land waar ek liefde kry.
Dis my land, my land, hier wil ek bly;
in die Boland net vir my.

2. As die wolke en reën oor die klowe kom rol,
dan voel ek in my gemoed soms vol.
Al het die reën reeds lankal verdwyn, bruis die Boland soos vonkelwyn.
REFREIN
Dis my land, my land, die Boland vir my;
dis die land waar ek liefde kry.
Dis my land, my land, hier wil ek bly;
in die Boland net vir my.

43. HIER'S MY HAND

Teks en melodie: Christa Steyn

1. Leef jy in vrede of is jy vol haat?
Ken jy die weelde as vreemdes vriende raak?
Leef jy in 'n droom waar jy alleen bestaan
en is jy een van vele wat neem en wat meer vra?
REFREIN
En hier's my hand. Neem my hand, my vriend, deel my lewe;
deel die son, deel die lig waarvoor ons vra.
Neem my hand, my vriend,
deel met my daardie vrede wat elkeen van ons in ons dra.

2. Kyk net verby jou; daar is soveel seer
Soms is daar wanhoop en niemand wat help keer nie.
Deel jou vry bestaan, jou skadu's, deel jou seer
en steek jou hande uit, gee jouself nog meer.
REFREIN
En hier's my hand. Neem my hand, my vriend, deel my lewe;
deel die son, deel die lig waarvoor ons vra.
Neem my hand, my vriend,
deel met my daardie vrede wat elkeen van ons in ons dra.

3. Ken jy die rykdom as die liefde praat?

Voel jy die deernis as eenvoud aan jou raak?
Kyk na die hoogtes en glo waaraan jy bou.
Reik na die lig daarbo – daar's 'n plek vir jou.

REFREIN

En hier's my hand. Neem my hand, my vriend, deel my lewe;
deel die son, deel die lig waarvoor ons vra.
Neem my hand, my vriend,
deel met my daardie vrede wat elkeen van ons in ons dra.

44. MOOI IS DIE LEWE NOU

Teks: Vincent van der Westhuizen

Melodie: Jack White

1. Mooi is die lewe nou; mooier vir my en jou.
Maak elke uur 'n lekker plesier en daar bly niks meer oor om oor te kla.
Laat ons die lied voltooi.
Kom nou manne, almal saam, kom ons sing die wêreld mooi.
Kyk die lewe mooi en die dag word rooi.
2. Kêrels die dag is mooi; meisies die lewe mooi.
Kêrels die wêreld blink soos 'n pêrel
Laat ons die lied voltooi.
Kom nou meisies, almal saam, kom ons lag die wêreld blink
want die hele lewe wink.
3. Mooi is die helder dag, almal sien uit daarna.
Alles is bly en vrolik en vry en daar bly niks meer oor om oor te kla.
Nou is die lewe mooi, kyk hoe die sonlig mooi.
Kyk hoe die water skitter en skater, laat ons die lied voltooi.

45. 'N BIETJIE MEER TYD

Teks: Tientjie du Toit

Melodie: Jan de Wet

1. Die skemeruur voor sonop hou 'n stil belofte in
en 'n tortelduif se liedjie maak my bly.
Dit vul die vroeë more; ek sê dankie saam met hom
en ek wonder wat die nuwe dag my bring.
REFREIN
'n Bietjie meer tyd om jou lief te hê, nog 'n dag by jou.
'n Bietjie meer tyd om jou lief te hê, nog 'n dag saam met jou.
'n Bietjie meer tyd om jou lief te hê, nog 'n dag by jou.
'n Bietjie meer tyd om jou lief te hê, nog 'n dag saam met jou.

2. Wat maak dit saak wat voorlê en wat daar op ons wag;
ek hoor weer die tortelduiwe sing.
Dit vul die nuwe môre; in my hart wil ek ook sing
maar ek wonder wat die nuwe dag my bring.

REFREIN

- 'n Bietjie meer tyd om jou lief te hê, nog 'n dag by jou.
'n Bietjie meer tyd om jou lief te hê, nog 'n dag saam met jou.
'n Bietjie meer tyd om jou lief te hê, nog 'n dag by jou.
'n Bietjie meer tyd om jou lief te hê, nog 'n dag saam met jou.

46. SARIE MARAIS

Teks: JP Toerien of D van Alphen of Susters Bezuidenhout, BA de Wet (vers 3)

Melodie: SEP Winner; verw.: Dirkie de Villiers

1. My Sarie Marais is so ver van my hart, maar'k hoop om haar weer te sien.
Sy het in die wyk van die Mooirivier gewoon, nog voor die oorlog het begin.

REFREIN

O, bring my t'rug na die ou Transvaal, daar waar my Sarie woon,
daar onder in die mielies by die groen doringboom, daar woon my Sarie Marais;
daar onder in die mielies by die groen doringboom, daar woon my Sarie Marais.

2. Ek was so bang dat die Kakies my sou vang en ver oor die see wegstuur;
toe vlug ek na die kant van die Upington se sand daar onder langs die Grootrivier.

REFREIN

O, bring my t'rug na die ou Transvaal, daar waar my Sarie woon,
daar onder in die mielies by die groen doringboom, daar woon my Sarie Marais;
daar onder in die mielies by die groen doringboom, daar woon my Sarie Marais.

3. Die Kakies is mos net soos 'n krokodillepes. Hul sleep jou altyd water toe.
Hul gooi jou op 'n skip vir 'n lange, lange "trip", die josie weet waarnatoe.

REFREIN

O, bring my t'rug na die ou Transvaal, daar waar my Sarie woon,
daar onder in die mielies by die groen doringboom, daar woon my Sarie Marais;
daar onder in die mielies by die groen doringboom, daar woon my Sarie Marais.

4. Verlossing het gekom en die huis toe gaan was daar, terug na die ou Transvaal;
my liewelingspersoon sal seker ook daar wees om my met 'n kus te beloon.

REFREIN

O, bring my t'rug na die ou Transvaal, daar waar my Sarie woon,
daar onder in die mielies by die groen doringboom, daar woon my Sarie Marais;
daar onder in die mielies by die groen doringboom, daar woon my Sarie Marais.

48. BOBBEJAAN KLIM DIE BERG

Teks: Tradisioneel

Melodie: SA Volkswysie, verw.: P McLachlan

Bobbejaan klim die berg, so haastig en so lastig;
bobbejaan klim die berg, so haastig en so lastig;
bobbejaan klim die berg om die boere te vererg.
Hoera vir die jollie bobbejaan!

O, moenie huil nie, o, moenie treur nie,
die Stellenbosse boys kom weer.
O, moenie huil nie, o, moenie treur nie,
die Stellenbosse boys kom weer.

48. SO RY DIE TREIN

Teks: Tradisioneel

Melodie: SA Volkswysie, verw.: Chris Lamprecht

So ry die trein, so ry die trein, die Kimberley se trein.
So ry die trein, so ry die trein, die Kimberley se trein.
Hoor daar hoe stoom hy, stoom hy, stoom hy,
opdraand en afdraand, Kimberley se trein.

49. HOE RY DIE BOERE?

Woorde: Tradisioneel

Melodie: SA Volkswysie, verw.: Pierre Malan

1. Hoe ry die Boere? Sit, sit, so! Sit, sit, so! Sit, sit, so!
Hoe ry die Boere? Sit, sit, so! Sit, sit, so! Hoera!
Die Kaapse nooi sê: Tingelingeling! Tingelingeling, hoera!
Die Kaapse nooi sê: Tingelingeling! Tingelingeling, hoera!
Hoe ry die Boere? Sit, sit, so! Sit, sit, so! Sit, sit, so!
Hoe ry die Boere? Sit, sit, so! Sit, sit, so! Hoera!
2. Hoe fluit die Boere? Fluit, fluit, so! Fluit, fluit, so! Fluit, fluit, so!
Hoe fluit die Boere? Fluit, fluit, so! Fluit, fluit, so! (*fluit laaste twee note*)
Die Kaapse nooi sê: (*fluit die note*) hoera! Die Kaapse nooi sê: (*fluit die note*) hoera!
Hoe fluit die Boere? Fluit, fluit, so! Fluit, fluit, so! Fluit, fluit, so!
Hoe fluit die Boere? Fluit, fluit, so! Fluit, fluit, so! (*fluit laaste twee note*)
3. Hoe dans die Boere? Polkadraai! Tiekiedraai! Tiekiedraai!
Hoe dans die Boere? Polkadraai! Tiekiedraai, ou perd!
Die Kaapse nooi sê: Tingelingeling! Tingelingeling, ou haan!
Die Kaapse nooi sê: Tingelingeling! Tingelingeling, ou haan!
Hoe dans die Boere? Polkadraai! Tiekiedraai! Tiekiedraai!
Hoe dans die Boere? Polkadraai! Tiekiedraai, ou perd!
4. Hoe skiet die Boere? Boem, boem, boem! Boem, boem, boem! Boem, boem, boem!

Hoe skiet die Boere? Boem, boem, boem! Boem, boem, boem! Dis raak!
Die Kaapse nooi sê: Skiet nog een! Skiet nog een! Skiet raak!
Die Kaapse nooi sê: Skiet nog een! Skiet nog een! Skiet raak!
Hoe skiet die Boere? Boem, boem, boem! Boem, boem, boem! Boem, boem, boem!
Hoe skiet die Boere? Boem, boem, boem! Boem, boem, boem! Dis raak!

50. SPROKIE VIR 'N STADSKIND

Teks en melodie: Koos du Plessis

1. As die reën van stof en roet verby is, en die rook verdwyn.
Sal daar in die sterrelose hemel 'n neonboog verskyn.
En kyk maar goed, want as jy hom vind, vertel ek vir jou, 'n sprokie, my kind,
van 'n skatkis met ou kettings gebind, aan die neonboog se punt.
Volg hom elke nag oor swart riviere, kyk nie éénmaal om.
Dalk vind jy die land van blou saffiere en dalk 'n brokkie son.
2. Volg hom elke nag oor swart riviere, oor kranse van beton.
As jy aanhou stap, tienduisend ure, sal jy dalk daar kom.
Maar hier moet jy jou nimmer laat bind, want so lui die ou-ou sprokie, my kind.
As jy geluk en vreugde wil vind, soek die neonboog se punt.
Volg hom elke nag oor swart riviere, kyk nie éénmaal om.
Dalk vind jy die land van blou saffiere en dalk 'n brokkie son.

51. DIS 'N WALS

Teks en melodie: Tradisioneel

1. Een aand op 'n dans in oom Willem se skuur;
staan 'n meisie alleen teen die oorkantste muur.
Sy glimlag vir my en voor'k my kon kry;
dis 'n wals, Willemina, dis 'n wals is dit nie?
REFREIN
Dis 'n wals, Willemina, dis 'n wals (is dit nie 'n wals nie),
dis 'n wals (is dit nie 'n wals nie),
dis 'n wals (is dit nie 'n wals nie).
Dis 'n wals Willemina, dis 'n wals (is dit nie 'n wals nie),
dis 'n wals Willemina, dis 'n wals is dit nie?
2. Ses aande daarna gaan kuier ek by haar
en voor baie lank was die opsitkers daar.
Sy glimlag vir my en voor ek my kon kry
Dis 'n fout Willemina, dis 'n fout is dit nie?
REFREIN
Dis 'n fout, Willemina, dis 'n fout (is dit nie 'n fout nie),
dis 'n fout (is dit nie 'n fout nie),
dis 'n fout (is dit nie 'n fout nie).

Dis 'n fout, Willemina, dis 'n fout (is dit nie 'n fout nie),
dis 'n fout Willemina, dis 'n fout is dit nie?

3. Drie maande daarna, in ons huis by die see;
die skoonma van my, aanvaar nie 'n nee.
Sy't gekom om te bly, so sê sy vir my,
dis 'n ramp Willemina, dis 'n ramp is dit nie?

REFREIN

Dis 'n ramp Willemina, dis 'n ramp (is dit nie 'n ramp nie),
dis 'n ramp (is dit nie 'n ramp nie),
dis 'n ramp (is dit nie 'n ramp nie).
Dis 'n ramp, Willemina, dis 'n ramp (is dit nie 'n ramp nie),
dis 'n ramp Willemina, dis 'n ramp is dit nie?

52. IN ONS KONTREI

Woorde en melodie: Voortrekkergeleedere

1. In ons kontrei (2x) woon daar 'n nooi (2x)
Sy drink haar koeimelk deur 'n strooi.
In ons kontrei (2x) woon daar 'n nooi (2x)
Sy drink haar koeimelk deur 'n strooi.
2. Ek vra haar toe (2x) my liewe nooi (2x)
Waarom drink jy dan deur 'n strooi?
Ek vra haar toe (2x) my liewe nooi (2x)
Waarom drink jy dan deur 'n strooi?
3. My vriend sê sy (2x) dit maak my mooi (2x)
As ek my melk drink deur 'n strooi
My vriend sê sy (2x) dit maak my mooi (2x)
As ek my melk drink deur 'n strooi.
4. Maar wag 'n bie- (2x) tjie sê ek toe (2x)
En tel die nooientjie op my knie
Maar wag 'n bie- (2x) tjie sê ek toe (2x)
En tel die nooientjie op my knie.
5. Toe wang teen wang (2x) Haar lippies rooi (2x)
Drink ons toe koeimelk deur 'n strooi
Toe wang teen wang (2x) Haar lippies rooi (2x)
Drink ons toe koeimelk deur 'n strooi
6. En nou het ek (2x) Tien kindertjies (2x)
En dit van melk drink deur 'n strooi

En nou het ek (2x) Tien kindertjies (2x)
En dit van melk drink deur 'n strooi

7. Ek het daarby (2x) 'n Skoonmoeder (2x)
En sy is net die laaste strooi
Ek het daarby (2x) 'n Skoonmoeder (2x)
En sy is net die laaste strooi
8. Aanvaar die les (2x) Kom luister mooi (2x)
Drink nooit jou koeimelk deur 'n strooi
Aanvaar die les (2x) Kom luister mooi (2x)
Drink nooit jou koeimelk deur 'n strooi

53. KATTEBASAAR

Woorde en melodie: Voortrekkergeleedere

Een aand op 'n Kattebasaar; al die diere van die dorp was daar.
Willemina Katarina, speel die konsertina en die apie tokkel die kitaar.

En die apie tokkel die kitaar. En die apie tokkel die kitaar.
Willemina Katarina, speel die konsertina en die apie tokkel die kitaar.

Miaau, miaau, miaau, woef, woef. Miaau, miaau, miaau, woef, woef.
Miaau, woef, woef, Miaau, woef, woef,
Miaau, miaau, miaau!

54. OI, OI, OI, DIS 'N RIETDAKHUIS

Teks en melodie: Tradisioneel

1. Oi, oi, oi, dis 'n rietdakhuis; twee slaapkamers en een kombuis.
Hier en daar 'n gaatjie waar die wind deur suis. Almal wat daar kom is welkom tuis.
Maar ons woon daar lekker in. Ja, ons woon so na ons sin.
Oi, oi, oi, dis 'n rietdakhuis; twee slaapkamers en een kombuis.
2. Oi, ou, oi, dis 'n swak fontein; 'n moerbeiboom en 'n blomkooltuin.
Hier en daar 'n uitjie met 'n raap daarby; langs die sloot staan 'n adamsvy.
Maar ons eet daar lekker van; ja, ons eet so wat ons kan.
Oi, oi, oi, dis 'n swak fontein; 'n moerbeiboom en 'n blomkooltuin.
3. Oi, oi, oi, dis 'n skaapvelkooi; swak matras en vol van vlooi.
Hier en daar 'n pluisie waar 'n vlooi in woon; lekker sag maar nie te skoon.
Maar ons slaap daar lekker in; ja, ons slaap so na ons sin.
Oi, oi, oi, dis 'n skaapvelkooi; swak matras en vol van vlooi.

55. TOKKEL JOU KITAAR

Teks en melodie: Pauli Terblanche

Tokkel jou kitaar en sing 'n liedjie saam;
sing 'n liedjie saam met my.

Tokkel jou kitaar en sing 'n liedjie saam;
ons is jonk en vry.

REFREIN

Kom sit by my hier langs die vuur
en sing saam liedjies tot die môreuur.

Tokkel jou kitaar en sing 'n liedjie saam;
sing 'n liedjie saam met my.

Tokkel jou kitaar en sing 'n liedjie saam;
ons is jonk en vry.

REFREIN 2

Ons sing van gister, ons sing van nou,
ons sing oor alles waarvan ons hou.

VERS

Tokkel jou kitaar en sing 'n liedjie saam;
sing 'n liedjie saam met my.

Tokkel jou kitaar en sing 'n liedjie saam;
ons is jonk en vry.

REFREIN 3

Ons sing van sterre, ons sing van die maan.
En sommer net liedjies wat jou hart verstaan.

56. VAT JOU GOED EN TREK

Teks: Tradisioneel

Melodie: SA Volkswysie, verw.: GG Cillié

Vat jou goed en trek Ferreira, vat jou goed en trek.
Agter die bos is 'n klompie pede, vat jou goed en trek!
Swaar dra, al aan die een kant, Swaar dra, al aan die een kant,
swaar dra, al aan die een kant, vat jou goed en trek!

57. AFRIKANERS IS PLESIERIG

Teks: ADE Gutsche

Melodie: SA Volkswysie, verw.: Pierre Malan

Afrikaners is plesierig, dit kan jy my glo.
Hulle hou van partytjies, en dan maak hulle so:
Eers draai die ou vroutjie en dan draai haar ou man,

en hy vat om haar lyfie en dan draai hulle saam.
Goeienag, my ou vroutjie, goeienag, my ou man!
Oor 'n week 'n partytjie, en dan draai ons weer saam.

58. EK SOEK NA MY DINA

Teks: Tradisioneel en CJ Langenhoven (vers 1, 2, 3)

Melodie: SA Volkswysie, verw.: GG Cillié

1. Ek soek na my Dina, my Dina, my Dina;
ek soek na my Dina, die Dina van my.
O, hier is my Dina, my Dina, my Dina.
O, hier is my Dina, die Dina van my.
2. Ek soek 'n lemoentjie, en toe 'n pampoentjie –
presentjie vir Dina – en kon dit nie kry.
“Laat staan wat daar ver is; daar's nader en beter;
gee dié maar,” sê Dina, “gee dié maar vir my.”
3. Ek soek 'n jangroentjie, 'n pêrellemoentjie –
presentjie vir Dina – en kon dit nie kry.
“Laat staan wat so skaars is; daar's volop en beter;
gee dié maar,” sê Dina, “gee dié maar vir my.”
4. Pampoentjie, jangroentjie, en pêrellemoentjie –
wat is daar op aarde dan beter te kry?
En toe kom 'n ander en gee haar 'n soentjie –
en nooit meer 'n Dina, 'n Dina vir my.

59. TANT HESSIE SE WITPERD

Teks: Tradisioneel

Melodie: SA Volkswysie, verw.: M Casaleggio

Kyk, hoe ry tant Hessie se witperd, Hessie se witperd, Hessie se witperd!
Kyk, hoe ry tant Hessie se witperd; Hessie se witperd bo!
Julle maak verniet tant Hessie se witperd sleg;
tant Hessie se witperd maak die hele wêreld reg.
O, kyk hoe ry tant Hessie se witperd, Hessie se witperd, Hessie se witperd!
Kyk, hoe ry tant Hessie se witperd; Hessie se witperd bo!

60. DIE OUKRAALLIEDJIE

Teks: Manas en Amie de Villiers

Melodie: JA Browne, verw.: Dirkie de Villiers

Jy met jou mandolientjie, ek met my bandolientjie,

sing ons die Oukraalliedjie saam.

Sing ons van waterstrome, slange in olienhoutbome
en 'n ribbok wat daar teen die rantjie staan.

Ons sing, ons speel van die Oukraal wat ons nooit nie sal verveel, sal verveel.

Jy met jou mandolientjie, ek met my bandolientjie,
sing ons die Oukraalliedjie saam.

61. DIE OU KALAHARI

Teks en melodie: Danie Pretorius

1. Ver in die ou Kalahari, daar sing die boere so:
gee ons die ou Kalahari, die ou Kalahari bo!
Wyd lê die eindlose vlaktes, kameeldoringboom en sand.
Eensame, vreedsame wêreld; dit is ons Kalahariland!
Sonbesies sing in jou bosse, die hittige son te versmaai,
rooi Afrikanerosse sien jy om elke draai.
Ver in die ou Kalahari, tot daar in die Molopo.
Gee ons die ou Kalahari, die ou Kalahari bo!
2. Ver in die ou Kalahari, waar springbokke oral wei,
gee ons die ou Kalahari, want daar voel 'n man so vry.
Aasvoëls sweef in die blou lug en 'n gemsbok draf oor die rand.
Blouwildebeeste baljaar daar in ons ou Kalahariland.
Sag daal die nag met sy sterre, die hittige son te verruil,
jakkalse huil in die verte, diep in die nag verskuil.
Ver in die ou Kalahari, tot daar in die Molopo.
Gee ons die ou Kalahari, die ou Kalahari bo!

62. VIR DIE KINDERS VAN MY LAND

Teks en melodie: Elizabeth Fourie

Kleuters op 'n rondomtalie draai en speel en lag
kommerloos en sorgvry gaan hul deur die dag.
Sonder om te wonder oor wat in die toekoms lê.
Daarom wil ek met my liedjie hierdie woorde sê:

REFREIN

Vir die kinders van my land wens ek sonneskyn,
vir die kinders van my land wens ek voorspoed in oorfloed.
Vir die kinders van my land wens ek vrede, en geloof in elke nuwe dag.

Vinnig soos gedagtes gaan die tyd by ons verby;
in die lewenswedloop kan niemand agterbly.
Troepe in die weermag en studente in die klas,
leiers van 'n nuwe dag wat gister kleuters was.

REFREIN

Vir die kinders van my land wens ek sonneskyn,
vir die kinders van my land wens ek voorspoed in oorfloed.
Vir die kinders van my land wens ek vrede, en geloof in elke nuwe dag.

Kom ons sing 'n wennerslied vir jong Suid-Afrika.
Hulle wat die toekoms in albei hande dra.
Kom ons loop 'n wennerspad, kom reik mekaar die hand.
Vasberade vorentoe vir hierdie mooie land.

REFREIN

Vir die kinders van my land wens ek sonneskyn,
vir die kinders van my land wens ek voorspoed in oorfloed.
Vir die kinders van my land wens ek vrede, en geloof in elke nuwe dag!

AVONTUUR

Voortrekkerlewe

63. O, DIE VOORTREKKERLEWE

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Duits

O, die Voortrekkerlewe,
dis die lewe vir my!
O, dis kamp, sing en spelery,
mens kan niks beters kry!

Voortrekkers, holdria-di-da-ho,
Holdria Hou Koers!
Holdria-di-di-ha,
Holdria Hou Koers!
Holdria-di-di-ha,
Holdria Hou Koers!
Trekkerslewe altyd bo!

64. HEERLIK IS DIE TREKKERSLEWE

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Duits

1. Heerlik is die Trekkerslewe, waarlik ja! O ja!
Vrye lewe, hoog te strewe, waarlik ja! O ja!
Heerlik as die tente staan, ver in berge opgeslaan,
waarlik, waarlik, waarlik, waarlik, waarlik, ja! O ja!

2. Heerlik in die veld te lewe, waarlik ja! O ja!
Eerlik strewe, sinvol lewe, waarlik ja! O ja!
Heerlik as die vuurtjie brand ver in die velde van ons land,
waarlik, waarlik, waarlik, waarlik, waarlik, ja! O ja!

65. DAAR'S 'N TYDJIE OM TE SPEEL

Teks: Voortrekkergelede

Melodie: Duits

Daar's 'n tydjie om te speel,
daar's 'n tydjie om te deel,
tyd om koers te hou,
tyd om op te bou.
Maar alles op sy tyd
is ons Voortrekkerbeleid:
kom ons doen ons deel.

Jol, jol, jol, jol, jollie-ha-ha-ha!
Jollie-ha-ha-ha! Jollie-ha-ha-ha!
Jol, jol, jol, jol, jollie-ha-ha-ha!
Laat ons leuse klink eendragtig
deur ons land: HOU KOERS!

66. WAT MAAK 'N TREKKER?

Teks: Voortrekkergelede

Melodie: Engels

1. Wat maak 'n Trekker ver in die veld as hy self sy kos moet gaarmaak?
Hy maak 'n vuur en braai oor die kole lekker stokbrood en vars boerewors.
Klein pampoentjies, roosterkoek, aartappels en soetpatats:
smaaklik die spyse so voorberei!
In die veld vind ons boonop rus vir die siel
en leef ons ná aan moeder aarde, leef ons na aan moeder aarde.
2. Hoe gaan 'n Trekker ver in die veld op 'n nagmars vol gevare?
Hy volg die spoor oor berg en deur dal en kruip deur baie doringrade.
Morsekode, rigting hou, oor die sloot, al langs die tou,
kaart- en kompaslees, noodhulp en sang.
In die veld leer ons speel-speel sorg vir ons self
en leef ons ná aan moeder aarde, leef ons ná aan moeder aarde.

67. WERK! WERK!

Teks: Voortrekkergelede

Melodie: Amerikaans

1. Werk! Werk! Lekker werk! Arbeid adel, werk maak sterk.
Vele hande, ligte werk: ons is nou-nou klaar, ja!
Reën en wind of brand en ramp, baie kreun en bietjie kramp;
hier 'n stoot en daar 'n stamp: kom ons hou 'n spankamp.
2. Werk! Werk! Lekker werk! Arbeid adel, werk maak sterk.
Vele hande, ligte werk: ons is nou-nou klaar, ja!
Hou die paal vas! Trek die tou! Slaan die pen in, gou-gou-gou!
Tien vir my en tien vir jou: kyk daar staan ons tent nou.
3. Werk! Werk! Lekker werk! Arbeid adel, werk maak sterk!
Vele hande, ligte werk: ons is nou-nou klaar, ja!
Hou vergad'ring, praat-praat-praat; smôrens vroeg tot sawens laat.
Kyk hoe sit ons hier en gaap: ons wil nou gaan slaap-slaap!

68. LAG, LAG, LAG EN SING

Teks en melodie: Tradisioneel

Lag, lag, lag en sing; lag en sing en speel!
Laggende, singende, spelende, werkende;
so doen elk sy deel!

69. WAT MAAK JY MET 'N SNYWOND

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Tradisioneel

1. Wat maak jy met 'n snywond? Jy druk die snyplek vas.
Wat maak jy met 'n skuurwond? Mooi skoon moet jy dit was.
'n Brandwond moet jy vinnig in koue water hou.
As jy nog niks van noodhulp weet nie, leer dit gou-gou-gou!
2. 'n Ietsie in die oog, of 'n ietsie in die oor?
Ag, maak dit liewer toe, laat 'n grootmens daarvan hoor.
'n Ietsie in die neus? Blaas! met eenkant toegehou.
As jy nog niks van noodhulp weet nie, leer dit gou-gou-gou!
3. En sê nou daar's 'n slang of 'n kwaai ou skerpioen?
Wel, as jy in die veld stap, dan dra jy liefs 'n skoen.
Maar byt 'n ding jou tog, man, wat maak 'n mens dan nou?
As jy nog niks van noodhulp weet nie, leer dit gou-gou-gou!

70. DIS LEKKER BY DIE VOORTREKKERS

Teks en melodie: Johan Stemmet/Johan van Rensburg

1. Dis lekker by die Voortrekkers, die Voortrekkers, die Voortrekkers.
Dis lekker by die Voortrekkers en so leer jy my ken.
REFREIN
Vories voor in die ry; laat die laatslaap laaities agterbly.
Vories voor in die koor; ons sing die liedjie oor en oor.
2. Ek hou daarvan om saam te sing, om saam te sing, om saam te sing.
Ek hou daarvan om saam te sing en so leer jy my ken.
REFREIN
Vories voor in die ry; laat die laatslaap laaities agterbly.
Vories voor in die koor; ons sing die liedjie oor en oor.
3. Vriende om 'n braaivleisvuur, 'n braaivleisvuur, 'n braaivleisvuur
Vriende om 'n braaivleisvuur en so leer jy my ken.
REFREIN
Vories voor in die ry; laat die laatslaap laaities agterbly.
Vories voor in die koor; ons sing die liedjie oor en oor.
4. Ek hou van pret en lekker lag, en lekker lag, en lekker lag.
Ek hou van pret en lekker lag en so leer jy my ken.
REFREIN
Vories voor in die ry; laat die laatslaap laaities agterbly.
Vories voor in die koor; ons sing die liedjie oor en oor.

71. OP HIERDIE KAMP

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Amerikaans

1. Op hierdie kamp leer ons vriende maak,
smee ons 'n band wat ons toekoms raak.
2. Met elke vriend wat ons hier kan maak,
is ons besiel vir ons volk se taak.
3. In die wye veld is die weg gebaan;
'n volk se jeug leer mekaar verstaan.
4. Die vry natuur bring ons nuwe krag,

vul ons met vuur elke nuwe dag.

5. Want hand in hand trek ons na die lig:
op hoër doel is ons ook gerig.

72. WAT MAAK 'N KAMP SO LEKKER?

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Tradisioneel

Wat maak 'n kamp so lekker?

Dis koffie, pap en wors.

Wat maak 'n kamp so lekker?

Dis koffie, pap en wors.

Dis koffie (2x)

Dis koffie, pap en wors.

Dis koffie (2x)

Dis koffie, pap en wors.

73. DIS NET 'N WORSIE

Teks: Tradisioneel, Hannes van der Merwe (vers 2, 3, 4)

Melodie: "Daar in die velde", Tradisioneel

1. Dis net 'n worsie, anderhalfduimpie, bo-op 'n snytjie botter en brood.
Dis net 'n worsie, anderhalfduimpie, bo-op 'n snytjie botter en brood.
Maar in ons hart is daar geen smart, dis vol van vreugde:
ons het die worsie na binne gestuur!
Dis net 'n worsie, anderhalfduimpie, bo-op 'n snytjie botter en brood.
2. Dis net 'n beker vol warm koffie, soet met kondensmelk, ouma-beskuit.
Dis net 'n beker vol warm koffie, soet met kondensmelk, ouma-beskuit.
Maar in my hart is daar geen smart, dis vol van vreugde:
ons drink die beker met boeretroos saam!
Dis net 'n beker vol warm koffie, soet met kondensmelk, ouma-beskuit.
3. Dis net 'n kampvuur onder die sterre, saam met my vriende, laat in die nag.
Dis net 'n kampvuur onder die sterre, saam met my vriende, laat in die nag.
Maar in my hart is daar geen smart, dis vol van vreugde:
ek sal die kampvuur van vriendskap bly stook!
Dis net 'n kampvuur onder die sterre, saam met my vriende, laat in die nag.
4. Dis Afrikaans, die taal van my vader, taal van my moeder, taal van my hart.
Dis Afrikaans, die taal van my vader, taal van my moeder, taal van my hart.
Maar in my hart is daar geen smart, dis vol van vreugde:
ek sal die taal met vrymoedigheid praat!
Dis Afrikaans, die taal van my vader, taal van my moeder, taal van my hart.

74. NOG VOORDAG IN DIE MÔRE

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Switsers

1. Nog voordag in die môre, daar blaas die opstaanbeuel
en orals uit die tente kom kinders uitgepeul.
“Staan op! Staan op! Gaan was gou jou gesig!
Kom hou jou bord en beker, die pap en wors is gaar!”
2. Te laat vir vlagparade, daar roep die offisier;
hy stuur jou gou kombuis toe en laat jou potte skuur.
O hart! Dis swart! Die vet is vasgebrand!
Maar nou’s jy nie meer laf nie, die lewe is maar suur.
O hart! Dis swart! Die vet is vasgebrand!
Maar nou’s jy nie meer laf nie, die lewe is maar suur.

75. AS JY LEKKER SAAMGEWERK HET

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Tradisioneel

1. As jy lekker saamgewerk het, hande klap! (klap, klap)
As jy lekker saamgewerk het, hande klap! (klap, klap)
As jy lekker saamgewerk het, steek jou hand op liewe Trekker,
As jy lekker saamgewerk het, hande klap! (klap, klap)
2. As jy lekker saamgespeel het, draai gou om! (draai om)
As jy lekker saamgespeel het, draai gou om! (draai om)
As jy lekker saamgespeel het, steek jou hand op liewe Trekker,
As jy lekker saamgespeel het, draai gou om! (draai om)
3. As jy lekker saamgeëet het, vryf jou maag! (vryf, vryf)
As jy lekker saamgeëet het, vryf jou maag! (vryf, vryf)
As jy lekker saamgeëet het, steek jou hand op liewe Trekker,
As jy lekker saamgeëet het, vryf jou maag! (vryf, vryf)
4. As jy lekker saamgedril het, stamp jou voet! (stamp, stamp)
As jy lekker saamgedril het, stamp jou voet! (stamp, stamp)
As jy lekker saamgedril het, steek jou hand op liewe Trekker,
As jy lekker saamgedril het, stamp jou voet! (stamp, stamp)
5. As jy lekker uitgekamp het, skree: “Hou Koers!” (Hou Koers)
As jy lekker uitgekamp het, skree: “Hou Koers!” (Hou Koers)
As jy lekker uitgekamp het, steek jou hand op liewe Trekker,
As jy lekker uitgekamp het, skree: “Hou Koers!” (Hou Koers)

6. As jy lekker saamgesing het, doen dit als: (klap, klap; draai om; vryf, vryf; stamp, stamp: "Hou Koers!")
As jy lekker saamgesing het, doen dit als: (klap, klap; draai om; vryf, vryf; stamp, stamp: "Hou Koers!")
As jy lekker saamgesing het, steek jou hand op liewe Trekker,
As jy lekker saamgesing het, doen dit als: (klap, klap; draai om; vryf, vryf; stamp, stamp: "Hou Koers!")

76. LEKKER VERJAAR

Teks: Voortrekkegeleedere

Melodie: Tradisioneel

Lekker verjaar, ou maat, lekker verjaar.
Lekker verjaar, ou maat, lekker verjaar.
Jy moet koers hou, ou maat;
jy moet koers hou, ou maat!

77. KOM KUIER BY DIE VOORTREKKERS

Woorde: Voortrekkegeleedere

Melodie: Volkswysie

Kom kuier by die Voortrekkers, kom kuier saam.
Kom kuier by die Voortrekkers, kom kuier saam.
Die kinders van die jong geslag kan lekker sing en lekker lag.
Kom kuier by die Voortrekkers!

78. DANKIE IS 'N WOORDJIE

Teks: Rykie Pienaar

Melodie: Rykie Pienaar

Dankie is 'n woordjie wat sê net hoe ons voel.
Dankie is 'n woordjie wat ons opreg bedoel.
Dankie, dankie, dankie!

79. NOU HOU KOERS DAN

Woorde: Voortrekkegeleedere

Melodie: Duits

Nou hou koers dan tot ons weer ontmoet, tot ons weer ontmoet: Hou Koers!
Laat ons vriendskap brand met helder gloed, met 'n helder gloed: Hou Koers!
En ons sê tot siens waar ons nou groet tot ons eendag weer mekaar ontmoet.
Hou Koers, ou vriend: Hou Koers! Hou Koers, ou vriend: Hou Koers!

NATUUR

Na die veld

80. KOM ONS GAAN KYK HOE LYK ONS VADERLAND

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Duits

1. Kom ons gaan kyk hoe lyk ons vaderland en weet, ja weet:
daar is net één land soos Suid-Afrika.
Kom saam, kom saam, kom klim die hoogste berg en weet, ja weet:
daar is net één land soos Suid-Afrika.
Ken jy al die diere, al die bome, blomme in die veld?
Weet jy watter vrug kan jy eet?
Sal jy uit die veld se spens kan lewe, sal jy in die nag
jou koers aan die sterre kan meet?
Want kom gevaar weer eendag oor ons land, ons weet, ons weet:
in die veld sal ons veg vir ons vaderland.
Suid-Afrika, ons neem tesaam 'n eed voor jou:
ons vaderland, aan jou alleen bly ons getrou!
2. Kom ons gaan leer ons land se velde ken en weet, ja weet:
daar is net één land soos Suid-Afrika.
Kom stap en klim, geniet die mooi natuur, en weet, ja weet:
daar is net één land soos Suid-Afrika.
Aan ons grense maak die vyand planne om ons land te vat,
ons grond te bevlek met ons bloed;
In die veld sal ek my vaderland verdedig en oorwin
of val soos 'n man as ek moet.
Kom maak jou tuis, kom lewe in die veld, onthou, onthou:
in die veld sal ons veg vir ons vaderland.
Suid-Afrika, ons neem tesaam 'n eed voor jou:
Ons vaderland, aan jou alleen bly ons getrou!

81. AANSTAP, AANSTAP

Teks: JP du Toit

Melodie: JP du Toit

1. Aanstap, aanstap, na die wye veld
waar die voëltjies fluit.
Sing nou met plesier uit die hart se vuur;
Aanstap, aanstap so.
Links, regs, links, regs, la-la-la-la,
elke tree vooruit.

So bly ons gesond, la-la-la-la.
Aanstap, aanstap bo.

2. Saamspeel, saamwerk, aan jou plig getrou,
aan die Voortrekkers.
Jou gesig moet lag, hande moenie wag,
saamspeel, saamwerk so.
Saamspeel, saamwerk, la-la-la-la.
Altyd altyddeur,
so bly ons tevreë, la-la-la-la,
boontoe, boontoe beur.

2. Koershou, koershou elke liewe dag
met jou volle krag.
Nie na links te kyk, nie na regs te wyk,
koershou, koershou so.
Koershou, koershou, la-la-la-la,
om die trek se eer.
So bly ons getrou, la-la-la-la,
koershou, koershou NOU.

82. ONS STAP EN STAP

Woorde: Voortrekkegeleedere

Melodie: Duits

Ons stap en stap en stap en stap en stap,
die wêreld deur, die berge oor,
die klowe deur, die velde voor.
By waterstroom en doringboom,
daar leef ons voort as Voortrekkers.

83. VOORTREKKER-WANDELLIED

Woorde: A Pienaar

Melodie: A Pienaar

Uit die stad uit, in die veld in, lekker om 'n mens te wees;
bome, blomme, grassies, plassies alles vir die oog 'n fees.
Afrikanerharte lewe: dis ons eie tuiste dié.
Nie so baie ure voor die braaivleisvure vonke in die lug op skiet, tra-la-la;
nie so baie ure voor die braaivleisvure geure in die lug in stuur!

84. ROL DIE WIELE

Teks: Voortrekkegeleedere, Hannes van der Merwe (vers 2, 3)

Melodie: Tradisioneel

1. Rol die wiele, wiele, wiele, rol die wiele van die wa.
Rol die wiele, wiele, wiele, rol die wiele van die wa.
Hou koers, Voortrekker-dogters!
Hou koers, Voortrekker-seuns, seuns, seuns!
2. Oor die berge, deur die klowe gaan ons more tegemoet.
Oor die berge deur die klowe sal ons roepstem jou begroet:
Hou koers, Voortrekker-dogters!
Hou koers, Voortrekker-seuns, seuns, seuns!
3. In die chaos van die tye wat ons almal soms beleef,
klink die kreet uit trekkerharte wat ons nuwe rigting gee:
Hou koers, Voortrekker-dogters!
Hou koers, Voortrekker-seuns, seuns, seuns!

85. HOOR HOE SING DIE VOËLTJIES

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Voortrekkergeleedere

1. Hoor hoe sing die voëltjies, ruik hoe ruik die veld,
lekker waai die windjie, ons ruil dit vir geen geld.
Ons sing nou fie-faai-fie-die-ha-dou,
lag so ha! ha! ha!
Ons wil jou so hou, mooi Suid-Afrika.
2. Warm brand die sonnetjie, groen is elke boom,
Voel hoe streef die grassies – die lewe is 'n droom!
Ons sing nou fie-faai-fie-die-ha-dou,
Lag so ha! ha! ha!
Ons wil jou so hou, mooi Suid-Afrika.

86. WANDELLIED

Teks: Eitemal

Melodie: "Lippe Detmold, eine wunderschöne Stadt", Volksliedjie, verw.: Chris Lamprecht

1. As ek moeg word vir die lewe in die stad, lok my die wandelpad. (2x)
In die veld pluk ek 'n wandelstaf van die naaste doringboompie af,
en sing my wandellied, en sing my wandellied.
2. Of ek luister na my eie voeteval op pad oor berg en dal. (2x)
Dan's ek weer die eensaam wandelaar na die lekker landstreek wie weet waar,
'n swerwer lewenslank, 'n swerwer lewenslank.
3. En die blou plafon wat oor die velde strek sal saans my sluimer dek. (2x)

En die sterreheer sal kom en gaan oor die maanverligte hemelbaan,
en vriend'lik wink van ver, en vriend'lik wink van ver.

87. TORTELUIFIE

Teks: GG en HC Cillié

Melodie: Australies kanon

Tortelduifie sit in die eikeboom,
sing die lied van sy lewensdroom.
Koer, tortelduifie, koer,
tortelduifie by die waterstroom!

88. KOFFIE, KOFFIE

Teks: Tradisioneel

Melodie: Volkswysie, verw.: Chris Lamprecht

Koffie, koffie, anders val ek om, jo-ho!
Koffie, koffie, anders val ek om.
Bly die koffie in die rugsak, sal ek net hier inmeakaarsak.
Koffie, koffie, anders val ek om.

Onder die sterre

89. DIE VONKE SKIET EN SPRING

Woorde: Voortrekkegeleedere

Melodie: Duits

1. Die vonke skiet en spring, ons vorm nou wyd die Trekkerkring
en pak nog stompe op, en pak nog stompe op.
So hoog, so hoog, so hoog word vonke uitgestrooi
en verf die naglug rooi, en verf die naglug rooi!
So hoog, so hoog, so hoog word vonke uitgestrooi
en verf die naglug rooi, en verf die naglug rooi!
2. 'n Swerwer in die veld, hy stap so deur die groen vallei
en sing sy liedjie bly, en sing sy liedjie bly.
Ja-ho, tra-la, ja, heerlik is die geure hier,
hier in die veld en vlei, hier in die veld en vlei.
Ja-ho, tra-la, ja, heerlik is die geure hier,
hier in die veld en vlei, hier in die veld en vlei.

90. AS DIE VONKE DEUR DIE LUG SEIL

Woorde: Voortrekkegeleedere

Melodie: Duits

1. As die vonke deur die lug seil, lug seil, en die vlamme knetter spring,
of as wolke deur die blou peil, blou peil, stap ons maats dan saam en sing.
Stap ons saam en stap ons saam en stap ons saam en sing.
Stap (*ons saam*) en stap (*ons saam*) en stap ons saam en sing.
2. Lag die jeug nog in ons harte, harte, trek ons saam die toekoms in;
Trekkers ken geen tyd vir smarte, smarte; trek ons saam die toekoms in,
Trek ons saam, ja, trek ons saam, ja, saam die toekoms in.
Trek ons saam, ja, trek ons saam, ja, saam die toekoms in.
3. Ewig leef vir ons die uurtjies, uurtjies; kole gloei en ketel kook.
Rustig, eensaam om ons vuurtjies, vuurtjies; worsie sis en kole rook.
Ewig vry, ja, ewig bly die Trekkerslewe vry.
Ewig vry, ja, ewig bly die Trekkerslewe vry.

91. BRAND, KAMPVUUR

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Tradisioneel

Brand kampvuur, brand kampvuur.

Kom nader, kom nader.

Sing 'n liedjie, sing 'n liedjie.

Lekker vrolik, lekker vrolik!

92. KOM DAAR STAAN DIE HOUT AL KLAAR

Teks: PH Langenhoven

Melodie: Volkswysie

Kom, daar staan die hout al klaar:

pale, stompe, groot en swaar.

Vorm nou wyd die Trekkerskring,

laat ons nie mekaar verdring.

Steek maar aan! Steek maar aan!

Laat die vlamme hoog opslaan!

Steek maar aan! Steek maar aan!

Laat die vlamme hoog opslaan!

93. OM 'N KAMPVUUR IN DIE BOSVELD

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Duits

1. Om 'n kampvuur in die Bosveld voel ons Trekkers almal tuis.
Elke Trekker voel so lekker as die windjie saggies suis.

REFREIN

Ho-la-hi! (*Ho-la-hi!*) Ho-la-ho! (*Hol-la-ho!*)
 Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, ho-la-ha-ha-ha-ha-ha!
 Ho-la-hi! (*Ho-la-hi!*) Ho-la-ho! (*Hol-la-ho!*)
 Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, Ho-la-ho!

2. Lekker lawwigheid en grappies en ons lag ons byna gek.
 Om die kampvuur in die Bosveld is vir een en almal plek.

REFREIN

Ho-la-hi! (*Ho-la-hi!*) Ho-la-ho! (*Hol-la-ho!*)
 Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, ho-la-ha-ha-ha-ha-ha!
 Ho-la-hi! (*Ho-la-hi!*) Ho-la-ho! (*Hol-la-ho!*)
 Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, Ho-la-ho!

3. Net die geur van boerekoffie laat 'n mens weer watertand.
 Elke Trekker staan nou nader met die beker in die hand.

REFREIN

Ho-la-hi! (*Ho-la-hi!*) Ho-la-ho! (*Hol-la-ho!*)
 Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, ho-la-ha-ha-ha-ha-ha!
 Ho-la-hi! (*Ho-la-hi!*) Ho-la-ho! (*Hol-la-ho!*)
 Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, Ho-la-ho!

4. En dan loop die aand ten einde en die maats begin te gaap.
 Na die tente trek ons almal vir 'n welverdiende slaap.

REFREIN

Ho-la-hi! (*Ho-la-hi!*) Ho-la-ho! (*Hol-la-ho!*)
 Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, ho-la-ha-ha-ha-ha-ha!
 Ho-la-hi! (*Ho-la-hi!*) Ho-la-ho! (*Hol-la-ho!*)
 Ho-la-hi-a-hi-a-hi-a, Ho-la-ho!

94. AS EK SAANS MET MY MAATS

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Duits

1. As ek saans met my maats om die kampvuur sit,
 kampvuur sit, klop my hart van puur genot.
 Dan's ek bly, dan's ek bly, soos 'n voël so vry,
 voël so vry, gans tevrede met my lot.
 Net die maan en sterre prag bo my,
 ai, wat kom ooit daarby?
 As ek saans met my maats om die kampvuur sit,
 kampvuur sit, klop my hart van puur genot!
2. As die vleis, as die vleis op die kole braai, kole braai
 en sy wondergeur versprei;

wonderskoon, wonderskoon, wonderreukwerk skoon, reukwerk skoon
soos jy nêrens anders kry;
en ons hef spontaan 'n liedjie aan
uit sieledrang ontstaan;
as die vleis, as die vleis op die kole braai, kole braai
en sy wondergeur versprei.

3. As hy kook, as hy kook, as die ketel kook, ketel kook
en sy deksel rinkink-dans;
as die geur van die vleis en die koffie meng, koffie meng
en die geure ons omkrans;
dan's dit tyd om sing en praat te staak;
'n blye sug te slaak;
as hy kook, as hy kook, as die ketel kook, ketel kook
en sy deksel rinkink-dans.

95. **SAWENS OM DIE VUURTJIE**

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Duits

1. Sawens om die vuurtjie, ja-ho, ja-ho!
Sawens om die vuurtjie, ja-ho, ja-ho!
Sawens om die vuurtjie sing ons almal lekker saam,
sing ons saam 'n liedjie, leer mekaar verstaan.
2. Oor ons wink die sterre, ja-ho, ja-ho!
Oor ons wink die sterre, ja-ho, ja-ho!
Oor ons wink die sterre en ons harte jubel saam –
net die sterre oor ons en die sekelmaan

96. **ALLE VURE BRAND NOU**

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Tradisioneel

1. Alle vure brand nou, alle vure brand nou,
net vergete vure nie.
Alle vure brand nou, alle vure brand nou,
net vergete vure nie.
O, ou kampvuur, jy bring heimwee in my hart;
O, ou kampvuur, heimwee in my hart.
2. Alle Trekkers slaap nou, alle Trekkers slaap nou,
net die maats wat wagstaan nie.
Alle Trekkers slaap nou, alle Trekkers slaap nou,

net die maats wat wagstaan nie.
O, ou kampvuur, jy bring heimwee in my hart;
O, ou kampvuur, heimwee in my hart.

97. AANDUUR DAAL

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: Tradisioneel

Aanduur daal, alles swyg.
Stilte heers oor die veld en die vlei.
God regeer, alles wel: goeienag.

98. SOOS KAMPVUURSTOMPE

Teks: Voortrekkergeleedere

Melodie: "Net soos 'n waterstroompie", Volkswysie, verw.: Chris Lamprecht

1. Soos kampvuurstompe deur die nag met helder vlamme brand,
so vlam in ons die liefde vir die jeug van hierdie land.
Die kinders van ons vaderland,
o ja, vaderland, bly steeds ons duurste pand.
2. En as ons met ons Trekkerseuns en Trekkerdogters werk,
dan maak geloof en liefde, ja, ons hart' en hande sterk;
en saam sal ons in hierdie land,
o ja, hierdie land, 'n helder toekoms bou.